DEEL 115 | WEEK 36 | 8 SEPTEMBER 2023 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# HEILBRON HELDIN



“Tannie Quarta het baie jare na die Museum se belange omgesien in verskillende hoedanighede. Almal ken Tannie Quarta as die een wat altyd 'n positiewe bydrae wil maak tot die bewaring van ons geskiedenis. Sy kom steeds nou en dan in om seker te maak dat die huidige komitee hulle verantwoordelikhede nakom, en daarom het ons haar uitgewys as 'n Heilbron Heldin,” vertel Lanzo Soothill, voorsitter van die Riemland Museum Komitee. Quarta Pretorius is tydens die dorp se 150ste herdenkingsjaar deur die komitee van die Riemland Museum aangewys as 'n Heilbron Heldin. Sy het 'n lewenslange bydrae tot die bewaring en verspreiding van die ryk geskiedenis van Heilbron gemaak. Gebore op 15 Maart 1942, het Quarta 'n ryk lewenspad gestap en staan sy nou by die 81-jarige mylpaal van haar lewe. Sy is steeds die dryfkrag agter die sukses van die Riemland Museum en bly 'n onuitputlike bron van kennis. Haar passie vir die geskiedenis van die omgewing is duidelik, en daar is geen stukkie inligting oor Heilbron wat sy nie van bewus is nie. Quarta Pretorius is 'n kort, maar kragtige tannie wat vir geen uitdaging terugstaan nie. Sy het selfs al 'n voorlaaier van Sarel Cilliers aangevat tydens 'n kultuurdag by die Riemland Museum. Haar passie vir die geskiedenis het haar 'n plek van eer in die harte van die gemeenskap verdien. Quarta het oor 'n lang tydperk by die Riemland Museum gewerk en het haar loopbaan daar begin tydens die Anglo-Boereoorlog herdenking. Dit was hier waar haar belangstelling in Suid-Afrika se geskiedenis vlam gevat het. Gedurende haar diens het sy vier herdenkingsfeeste georganiseer, wat die ryk kultuur en erfenis van Heilbron beklemtoon het.

Ongelukkig het Quarta Pretorius haar pos as kurator verloor as gevolg van regstellende aksie, maar dit het haar nie afgeskrik nie. Sy het geweier om die dorp se geskiedenis te laat vervaag en het saam met ander rolspelers in die gemeenskap die museum opgebou tot wat dit vandag is - 'n bloeiende gemeenskapsmuseum wat 'n skat van inligting oor die geskiedenis van Heilbron huisves. Haar toewyding aan die bewaring van kultuurerfenis en geskiedenis het nie opgehou nie. Sy het al die artefakte wat sy deur die jare aangewend het, na die Voortrekker Museum te Vegkop verskuif en dit omskep tot 'n Voortrekker-, Boereoorlog- en Heilbron-geskiedenis museum. Hierdie inisiatief het die kennis van die geskiedenis in die streek verder versterk en 'n belangrike rol gespeel in die behoud van ons erfenis. As jy enige navorsing oor die geskiedenis van Heilbron doen, hoef jy nie verder as Quarta Pretorius te kyk nie. Sy is 'n lewende legende wat die vlam van kultuur en geskiedenis in Heilbron brandend gehou het. Haar passie, toewyding en onmeetbare kennis maak haar werklik 'n heldin en 'n inspirasie vir almal wat die ryk erfenis van hierdie pragtige dorp wil ontdek.

# Elektrisiëns verkry nasionale en internasionale erkenning!



*Op die foto: Jannie Swanepoel en MC Briers.*

Twee besigheidsvennote van Heilbron Ulectric Solar en Electrical Pty het onlangs besondere prestasies behaal wat hulle as toonaangewende elektrisiëns in die Vrystaat kenmerk. Hierdie opmerklike mylpaal is gemerk deur die verwerwing van die Revov Produk Spesialis sertifisering, asook die erkenning deur die Heroldts groep as vertroude installeerders. Heroldts is die hoof invoerders van Sunsynk en verskeie ander sonkrag produkte, en om die "vertroude installeerder" status by Heroldts te bereik, moet installeerders aan 'n streng beoordelingsproses voldoen wat fokus op wettige regulasies, die kwaliteit van installasies, en bevoegdheid.

Ulectric kan nou gevind word op die Heroldts webwerf by "vertroude installeerders" onder die Vrystaat se afdeling. Hierdie prestasie het 'n ware bewys van hul toewyding aan uitnemendheid in die sonkragbedryf geword. Maar daar hou die erkenning nie op nie; Ulectric het ook internasionale erkenning verdien deur Sunsynk as 'n "Goedgekeurde" Installeerder op Sunsynk Stelsels. Ulectric se lys as 'n "goedgekeurde installeerder" is beskikbaar op die Sunsynk webwerf by www.sunsynk.org.

Dit is vermeldenswaardig dat Ulectric tans die reg het om wettige 50Kva stelsels op Sunsynk stelsels te installeer, wat getuig van hul gevorderde vaardighede en ervaring in die bedryf. Met meer as 50 sonkrag installasies wat reeds vir die jaar voltooi is, beoog Ulectric om in die toekoms die status van Meester Installeerder deur die Heroldts groep en Sunsynk te verwerf. Hierdie prestasie sal hul posisie as leiers in die sonkragbedryf verder versterk.




HIGH FERT KUNSMIS HF
Johnny Claassen 082 779 3417
JCB
Eben Claassen 072 581 7627
NOVON PROTECTA
Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# Groovist Games

*• Groovist Games Management*

We first like to introduce ourselves as GROOVIST GAMES. We're a sports fraternity based in Heilbron consisting of Netball and Football. The games started as a way of uniting guys during the December holidays as we took time before we all united in our beautiful hometown of Phiritona. It was started by Juju United, now famously known as Cruz Football Club and Motopo FC which is now known as Busy Corner FC on 31st December 2022, and it has grown to a point that we now consist of 24 teams, twelve for football and the other twelve is netball. And we now play every month.

We have now introduced activities like the FUN WALK where we try to spread love and connect people of different ethnicities. We are proud of the support and love we've received from our community at large and this has since motivated us to go regional and introduce these games to outside towns like Koppies and Petrus Steyn and the reception has been phenomenal.

We believe sports teach one character, and it teaches patience and resilience. We've also been successful in helping some of our youth to run their small businesses during our tournaments and it also has been a success. We hope that with the help of both the private and public sectors, we can achieve our dream of shaping our community into a better, self-sustaining, united society.

We love to thank every helping hand that has helped us to turn this huge dream into reality. As our motto says, "BE THE CHANGE THAT YOU WANT TO SEE". We want to see diversity and unity amongst us as a people, no matter your gender, race, or belief.

Our executive organisers consist of twenty-four members, divided into twelve girls for netball and twelve boys for football. The girls are Nonzema Nhlapo, Lenong Mpho, Nthabeleng Manoto, Maleshoane Motsiri, Amanda Ntamo, Amma Makate, Seithati Motsoeneng, Millicent Mosia, Latonya Landman, Lydia Qibi, Victor "Vinikita" Serobe.

For football, we have: Thomas Moloi (executive director), Junior "Juju" Tladi (executive director), Bongani "Bibo" Mpembe (treasure), Sello "Bosszonke" Motsoeneng (chairperson), Mosa Johhanes Mtolo (secretory general), Daniel "Bokkie" Mahlaku (manager), Boy Leeuw (dep chairperson), Bebeto "Lee" Poulton (dep secretory), Thabang "Shibo" Motaung, Teboho "Pat" Maseko, Abraham "Shoes" Majoe, Langa Radebe, Pule MABELE. And we also have Chris Raymond as our photographer. For any enquiries, please contact Thomas (083 435 9005), Bongani (067 262 2160) or Sello (078 253 6744).

For photos and videos please visit our Facebook page: GROOVIST GAMES RELOADED. With love, Groovist Games Management.















# Wantroue in Burgemeester:
## *Mosie sloer steeds*

Die DA in Ngwathe het vertroue verloor in die huidige burgemeester, Me Victoria de Beer-Nthombeni (Herald, 1 Sep). Maar presies 'n maand nadat die DA formeel kennis gegee het van sy beplande mosie van wantroue in haar, is dit steeds nie op 'n vergadering bespreek nie. "Hierdie slordige gesloer is totaal onprofessioneel," sê DA-koukusleier Carina Serfontein aan Herald.

Die DA het reeds op 10 Augustus formele kennis daarvan gegee, soos vereis. Die mosie het die steun van die VF+.

Toe die vergadering nie belê word nie, het Rdl Serfontein die waarnemende munisipale bestuurder, Mnr T Manele, daaroor aangespreek. Sy het dit "baie duidelik aan hom gestel" die DA verwerp die gesloer, en sou desnoods regstappe daaroor neem.

Hierdie beplande mosie, 'n drastiese stap, volg op voortslepende munisipale wanadministrasie en gereelde krisisse in al vyf dorpe, ook in Heilbron. Herald berig gereeld oor probleme, veral met watervoorsiening, elektrisiteit, geldsake, instandhouding, aankope, en die bestuur van kontrakte.

"Ons groot leemte is aan sterk leierskap, hoewel bestuursvernuf ook hopeloos tekort skiet," sê die DA. Die opposisie wil inspirerende munisipale leierskap hê, soos die DA-burgemeesters in Kaapstad en Tshwane: "daarom hierdie mosie."

Die DA-koukus se prokureur het verlede Donderdag per brief vereis dat die munisipale bestuurder binne sewe dae die speaker adviseer om die vergadering onverwyld te belê. Daar was nog geen reaksie toe Herald gisteroggend ter perse is nie.



# UIT DIE PEN: *Week 36 van 2023*

Ek het toe daardie e-pos gestuur. Die een wat sê hoekom ek ontevrede was oor sekere kollegas se optrede. Hoekom ek dink dat hulle nie hulle deel gedoen het nie.

Ek het al die proppe uitgetrek en my hart uitgeskryf, want ek moes van die trauma in my lyf ontslae raak.

Ons almal ondervind dit daagliks. Wanneer jy soggens opstaan, dalk frustrasie omdat daar nie elektrisiteit is nie. Op pad werk toe, want een of ander skaap wat sy lisensie in 'n gelukkige trekking gekry het, jaag voor jou in of stop waar hy nie moet nie. By die werk is daar altyd lyfwegstekertjies (onthou julle van die "byvoorbaat knakkertjies"?). Baie van hulle. Smaak my hulle raak al hoe meer. Terug op pad werk toe by die winkel verby: iemand wat die mandjie voor jou gryp of voor jou by die ry indruk. Of wat nie eers kyk waar hulle loop nie.

Dalk iemand wat jou kar of beursie en selfoon met geweld van jou wou afneem. Of miskien was jy deel van of betrokke in 'n geweldsaanval.

Ons ervaar elke dag, in alle fasette van ons lewe, trauma.

Maar behoed jou indien jy jou trauma wil verwoord. In 'n meerdere of 'n mindere mate.

Terug na die prop wat toe uitgetrek is: ek skryf wie wanneer verkeerd getrap het, en dit was glad nie om die persoon aan die man te bring nie. Ons het immers blad geskud en weer vriende gemaak. Net nie hande vasgehou en Khumaya teen die sonsondergang met tamboeryn begeleiding gesing nie. Ek het dit geskryf om seker te maak dat dit nie weer gebeur nie.

Om verskoning te maak en vergifnis te vra, vee nie uit wat gebeur het nie. Dalk op 'n geestelike, religieuse vlak, maar nie in ons daaglikse handel en wandel nie.

Lank gelede het ek iemand geken wat vir twee jaar gevangenisstraf moes uitdien vir 'n sak vol geld wat gesteel is. Sy het, voordat sy aangekla is, die eienaar van die besigheid verskoning gevra. Die eienaar het steeds gekies om haar aan te kla. Die reg het steeds sy gang gegaan om haar uiteindelik skuldig te bevind en aan haar die gepaste straf te gee.

Die dorpsmense wat vies en kwaad: hoekom nog vir haar 'n vonnis oplê? Haar werkgewer het haar dan vergewe en die Here ook. Dis tog belangrik, en dit is al wat saak maak.

Nee, 'n verskoning vee nie uit wat gebeur het nie. Dit maak ons net bewus van ons foute en help dat ons dit nie weer doen nie. Dit dien ook as waarskuwing aan ander mense.

Ieder geval. Die kollega het nie my powere poging tot 'n Pulitzerprys waardeer nie. My e-pos waarin ek my weergawe van die gebeure neergeskryf het.

Sy het my kom besoek: my skrywe het aan haar trauma veroorsaak. Die trauma wat die verloop van die gebeure aan my gedoen het, was glad nie ter sprake nie.

Want, volgens haar, het dit nooit gebeur nie. Leuens, leuens, alles is leuens, refrein sy. Hoe meer ek verduidelik wat gebeur het, hoe meer ontken sy die verloop van die gebeure.

Op 'n sekere tydstip word ek gebombardeer met datums en tye wanneer wat presies gebeur het. Dis toe dat ek agterkom dat ek nie hierdie geveg gaan wen nie. Ek het nooit in my e-pos geskryf nie: geen dag, geen datum, want ek wou die boodskap tuisbring en nie die geskiedenis daaraan verbonde nie.

Ek wou van my trauma vertel. Wat toe in 'n ander soort trauma ontaard het. Want nou word ek beskuldig dat ek nie my feite reg het nie, dat ek die prentjie heeltemal té donker geskilder het en dat dit glad nie so erg was soos wat ek dit onthou nie. En dat sy kwaad is omdat almal nie met die donker kwas geskilder is nie.

Ek kon haar trauma, wat ek veroorsaak het, sien en ervaar. Jammer, maar ek dink nie sy het dieselfde aan my kant gesien nie.

Dit het baie oorreding gekos, maar ek het weereens verskoning gevra. Hierdie keer vir die trauma wat ek haar veroorsaak het. Ek dink sy herkou steeds aan my verskoning. Ek het erken dat sy ook trauma ondervind het.

Ek dink nie dit was wederkerig nie, want al wat ek gehoor het, was: "Dit was glad nie so erg soos wat jy dit opgedis het nie."

Vir my was dit. Gegewe die tyd, plek en omstandighede, was dit 'n traumatiese gebeurtenis. Omdat ek geen hulp van enige iemand anders ontvang het nie.

Ek kan verkeerd wees, dalk nie.

Ek dink ons moet meer bewus word van elkeen se trauma waardeur hy of sy gaan. Vir party is die feit dat jy nie ondersteuning en hulp kry nie, 'n traumatiese gebeurtenis. Sommiges verhuis. Hoog op die trauma-skaal. Ander mense gaan deur egskeidings, net so erg. Sommiges verloor geliefdes aan die dood. Ander mense word slagoffers van geweld of terminale siektes.

Wat ook al jou trauma: iewers loop daar iemand rond wat ook nodig het dat sy trauma erken moet word. Dalk nie opgelos nie, maar ontlont moet word.

"Dra saggies, gode,
want die hart se porselein
is broos en tot veel seer
en kwesbaarheid geneig:
die kratte van 'n lewe
kan so maklik breek."

- Ernst van Heerden

# INSPIRASIE RESEPTE -



Pasch du Plooy

This was one of the 1st recipes that I could make in my sleep. And it's not that difficult to be able to do so. Mayonnaise is easy to make once you understand the logic behind the process. Emulsifying a fat and eggs with the help of acid and mustard. This will always be the same, and you can mix the flavours as you like. Give it a go, you will never go back to store bought mayo.

**BASIC MAYONNAISE**
Preparation time – 15 minutes

**Ingredients for the mayonnaise**
5 egg yolks
2 tbs Dijon mustard
2 tbs White wine vinegar
800ml Canola oil
A pinch of salt
A pinch white pepper

**Method for the mayonnaise**
Add the egg yolks, mustard, vinegar and salt to the food processor. Blend the egg mix for 20 seconds until well mixed. Start adding the canola oil slowly, but steadily. Blend until a thick consistency is reached. Add two tbs boiling water and blend quickly.

**Chefs' notes**
Spiced soy mayo: Add soy and chilli at the end instead of boiling water.
Lemon / lime mayo: Add lemon juice and zest instead of the boiling water.
Wasabi Mayo: Add wasabi at the end, to taste.
Anchovy aioli: Add 4 tbs anchovy and 2 cloves crushed garlic to the mustard in the beginning of the process.
Rouille: Add 2 cloves garlic and 2 drops saffron essence to the mix in the beginning.
Herb mayo: Add chopped herbs to the beginning of the process to have a green mayo and to the end of the process to have a mayo with chopped herbs in it.
Citrus mayo: Add a reduction of citrus juice to the finished mayo and blend.

# Bejaardes hou boemelaarsdag





*Op 26 Augustus het Edenville Bejaardeklub 'n boemelaarsdag gehou. Die lede het soos boemelaars aangetrek en het selfs uit blikbekers en borde geëet. Dit was 'n heerlike dag en almal het lekker gekuier.*

Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald.
Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za


BOILERMAKER
POS BESKIKBAAR
Stuur CV aan
asaayman@rgss.co.za
082 576 5057

16 SEPTEMBER 2023
Pitstop vir Jesus
PSALM 23 - LET GO!!!
saam met
Anita Jennell
Gratis Ingang & Ete
te NG-Suid Kerksaal,
Heilbron om 13:45
BESPREEK TEEN 13 SEPTEMBER
TANYA: 083 975 8264 | ALET: 060 518 1775

Ondervind u probleme om duidelik te hoor?
HEAR4LIFE, 'n gehoorpraktyk van Pretoria, besoek Heilbron weer op DINSDAG, 12 SEPTEMBER 2023 BY HUIS BRON-VAN-HEIL HEILBRON.
(Besoek Heilbron reeds vanaf 2019 af.)
Gehoortoetse en apparate teen Mediesefonds tariewe.
Hear4Life
Skakel /WhatsApp Ria 063 959 3028 vir afsprake.

DE VRY DISTILLERY
A LA CARTE RESTAURANT - BREAKFAST AND LUNCH - GIN AND BRANDY TASTINGS - EVENTS WEDDINGS - YEAREND FUNCTIONS
OPEN WEDNESDAY - SUNDAY FROM 8AM - 5PM
Email tastingroom@devrydistillery.co.za or send a WhatsApp to 072 606 3960

DE VRY DISTILLERY
UPCOMING SPECIAL EVENTS
Limited seating, bookings essential!
Free State Harvest Table Lunch: Sunday 27 August, 1 October, 29 October and 26 November
De Vry Gourmet Nose to Tail event: Saturday 26 August
Heritage Day Rum and Roast: 24 September
Springboks' vs Scotland: Outdoor big screen, picnic and taco night: 23 September 17:00 till late
Email tastingroom@devrydistillery.co.za or send a WhatsApp to 072 606 3960
DEVRYDISTILLERY.CO.ZA

SOLAR VIBE
ALL ELECTRICAL & SOLAR APPLIANCES
47 Cilliers Street, Heilbron 060 908 9009 | admin@solarvibestore.com
All Electrical & Solar Appliances available in store!
Orders placed with next day delivery
Solar installations & After Services

HERALD Gemeenskapsnuus

# Rolbal: Van Toeka tot Nou ...

Terwyl die rolbalspelers nou hulle batterye herlaai vir die nuwe rolbal seisoen wat binnekort begin, het ek dit goed gedink om so bietjie in my geheue te gaan rondkrap en stories te gaan haal wat ek tydens my paar jaar hier in Heilbron ervaar het.

Verskoon dat ek nie die oom en tannie aanspreekvorm gebruik nie, dis nie dat ek nie respek het nie, maar dit maak net die skryfwerk makliker.

Koeks en Baby Naude het ek in die Laeveld leer ken by 'n jaarlikse toernooi wat daar aangebied is. Baby natuurlik die matriarg en Koeks die stiller een wat gerol het waar Baby gevra het.

Hier het ek weer vir Koeks en Edna leer ken met wie hy getroud is na Baby se afsterwe. Koeks was by die baan tot en met sy afsterwe, al kon hy later self nie meer speel nie, het hy Edna ondersteun en aangespreek as sy, volgens hom, nie reg gerol het nie.

Chris Janeke se lyftaal het boekdele gespreek as die “skip” 'n bal rol waarmee hy nie saam gestem het nie en dan was daar donderweer op die baan.

Pieter Jooste, altyd tyd vir 'n grappie en steeds 'n opponent om mee rekening te hou.

Louwtjie Smit, met baan instandhouding het hy altyd sy deel gedoen. Selfs op 'n hoë ouderdom het hy steeds kom hand bysit en raad gegee.

Rita Hoffman, op negentigjarige leeftyd het sy nog 'n barshou gespeel en die jongeres aangespreek omdat hulle hulpmiddels gebruik om hul balle op te tel. Hulle moet buk en die balle self optel, dis goeie oefening.

Piet du Plooy met Soetmelksvlei se turksvye, afgeskil, yskoud en stroopsoet, dit was teetyd se lekkerte.

Tom Watson, met sy linkerhand aflewering kon 'n bal op klein plekkies indruk om die wenskoot te speel. Dan kon hy met so 'n lekker sagte laggie vir jou as opponent laat weet hy het jou uitoorlê. 'n Gedugte opponent op die baan.

Ellie van Coller, sy het haar rolbal hier begin. Alhoewel iemand eendag vir haar gesê het sy sal nooit 'n goeie rolbalspeler kan wees nie, het sy welverdiend haar Nasionale Klere gekry en het sy 3 keer as wenner geëindig in die dames Meesters Kampioenskappe.

Joey Watson, die tuinier wat seker gemaak het dat die terrein rondom die baan altyd mooi gelyk het. Die boom wat sy in 2010 by die braai area geplant het is vandag al 'n lekker koelteboom. Wonderlike bewys van die spreekwoord, plant 'n boom al weet jy, jy mag dalk nooit in sy skaduwee sit nie.

Spiro Galatis, die Gentleman met sy rustige geaardheid, het selfs sy opponent tot rustigheid gestem. As kroegman het hy altyd gespog met sy “Blou Buffels” (R100 note) in sy kasregister.

Amelia, nou ja as jy jou kleinkas tot op die sent wil laat klop, dan is daar net een persoon vir daardie taak en dit was Amelia Galatis. As speler, steeds iemand om mee rekening te hou.

Whitey en Judith Joubert, twee staatmakers - Whitey vir jare as baanbeampte en Judith raakvatter in die kombuis.

Koos en Magda Bierman twee mense wat ek ook jare gelede in die Laeveld leer ken het. Vir baie jare het hulle die klub, onderskeidelik, as Voorsitter en Sekretaresse gedien. Selfs vandag nog sal hulle ondersteun en hulp verleen waar nodig, bygesê, as hulle hier is. As semi-pensioenarisse is hulle gereeld aan vakansie hou.

Hierdie is maar slegs 'n paar mense van die ou “regime”. Mense wat deur die jare 'n fondasie gelê het waarop die jonger geslag kan voortbou. Dit het ook reeds gebeur.

Edward Muller, as beginner speler, is hy baie vinnig tot die amp van voorsitter verkies en met jonger spelers wat saam met hom die sport opgeneem het, het die klub alreeds in 'n nuwe era inbeweeg. Die voortbestaan van die klub is vir seker en weet ons die klub sal net van krag tot krag gaan.

Ek weet daar is nog baie rolbalspelers met wie ek deur die jare hier in Heilbron die baan gedeel het. Hulle is beslis nie minder belangrik nie en elkeen van hulle het op sy eie unieke manier, 'n bydrae tot die opbou van die klub gelewer.

# Vier 150ste herdenking


Die Riemland Museum het Donderdag 24 Augustus die dorp se 150ste herdenking gevier. Om hierdie spesiale mylpaal te herdenk, het die museum 'n pragtige Kaas en Wyn Aand aangebied. Tesame met hierdie vieringe het plaaslike en opkomende kunstenaars die geleentheid gehad om hul werk ten toon te stal. Talle kunstenaars, oud en jonk het hul kunswerk uitgestal. Dit was waardevol om te sien hoe ons eie kunstenaars die skoonheid en diep betekenis van ons dorp in hul kuns vasvang. Daar was 'n besonderse opwinding toe die leerlinge van Hoërskool Heilbron op die verhoog verskyn het. Hierdie jong talentvolle kunstenaars het die gehoor verbaas met hul skilderwerk en het bewys watter ryk oes van talent ons in ons jeug het. Die Kaas en Wyn Aand was 'n fees van dankbaarheid en ’n lekker samekoms in ons gemeenskap. Die Heilbron Museum speel ’n belangrike rol in die bewaring van ons kultuur en geskiedenis.



*Shandi Prinsloo.*



*Rabbi Moshe Silberhaft en Kobus Steyn.*




Fraaihuis

9 September
Lentemark



VVA
Heerlike
pannekoek



ICEBERG TRUCK STOP ON THE R57

VAKANTE BETREKKING
BESTUURDER
WEGNEEM ETE & RESTAURANT

Is jy 'n ervare en passievolle leier in die voedselbedryf? Groei jy in 'n vinnige omgewing en het jy 'n sterk besigheidsvernuf? Ons het 'n opwindende geleentheid vir 'n toegewyde en dinamiese individu om aan te sluit as die Bestuurder van 'n wegneemrestaurant!

Hoofverantwoordelikhede:
As bestuurder van die wegneemrestaurant, sal jy verantwoordelik wees om toesig te hou oor die daaglikse bedrywighede en die hoogste standaarde van klante tevredenheid te verseker.

Vereistes:
1. Vorige ondervinding in 'n bestuursrol binne die voedselbedryf, ideaal in 'n restaurant en wegneem onderneming
2. Sterk leierskap en interpersoonlike vaardighede, met die vermoë om 'n span te motiveer en te inspireer.
3. Uitsonderlike organisatoriese en multitasking-vermoë, met 'n skerp aandag aan detail.
4. Uitstekende kommunikasievaardighede, beide mondelings en skriftelik.
5. 'n Klantgesentreerde ingesteldheid en 'n passie om uitstaande diens te lewer.
6. Vertroudheid met voedselveiligheidsregulasies en beste praktyke.
7. Vaardigheid in basiese rekenaartoepassings en verkooppuntstelsels.

As jy gereed is om hierdie opwindende bestuursgeleentheid aan te pak, dien asseblief jou CV in, saam met 'n dekbrief wat jou relevante ervaring beklemtoon en hoekom jy glo jy is die ideale kandidaat vir die pos.
E-pos jou aansoek na ltboerdery@yahoo.com

*Let wel: Slegs kandidate op die kortlys sal vir 'n onderhoud gekontak word.*


## BEDANKING



*Met die heengaan van ons geliefde dogter en Ousus Elanie ‘Henn’ de Beer op 26 Augustus was die ondersteuning van familie, vriende en kollegas vir ons ’n riem onder die hart.*
*Hiermee ons opregte dank en waardering vir al die oproepe, blomme asook kaartjies van meegevoel wat ons ontvang het.*
*Die besoeke en trooswoorde het bygedra om die seer draagliker te maak. Dankie aan almal wat hulle laaste eer by die troosdiens kom betoon het. Wees verseker niks het ongesiens verbygegaan nie!*
*Ons mis haar geweldig en in ons harte en huise sal sy altyd bly voortleef.*
**Nogmaals baie dankie.**
**Riana, Gerald, Charné & Chrizelle**




# NGK Heilbron Moedergemeente

• *Annari Combrink*

"En die kinders van Israel het die inwyding van hierdie huis van God met vreugde gevier", Esra 6:16.

Dit was die inwydingsteks van die NGK Heilbron Moedergemeente se kerkgebou in 1885. 150 jaar nadat die gemeente in 1873 van die NGK Kroonstad afgestig het, is dié teks steeds relevant. Sy het immers Sondag haar 150ste bestaansjaar gevier.

'n Hele oggend van lofprysing, feesviering en samehorigheid is deur die gemeente aangebied. Lidmate, oudlidmate, besoekers en vriende van heinde en verre het moeite gedoen om die geleentheid by te woon.

Van oud tot jonk is ingespan om Sondag se diens ekstra spesiaal te maak.

'n Erewag van laerskool-Moederkerkertjies het kerkgangers vrolik by die hek ingewag terwyl Ina Dreyer almal vooraf met orrelspel bekoor het.

Ronell Erasmus, bekende sangeres, het groot luister aan die geleentheid verleen.

Onder die eregaste was drie persone wat in 1973, tydens die gemeente se eeufeesvieringe gedoop is, asook twee oudleraars; di. Otto Lessing en Nico Roux. Ander leraars wat teenwoordig was, is Di. Hans van Vuuren van die NGK Heilbron-Suid en Joe Müller van die NGK Kroonstad.

NGK Heilbron-Suid het in 1929 van Heilbron Moedergemeente afgestig.

Sondag se Skrifverkondiging was aan die hand van Efesiërs 2:19-22 – Christus Jesus self is die hoeksteen van die geestelike huis van God.

Daarna is oorgegaan tot die viering van die heilige Nagmaal.

Ds. Lessing het die feeskoek gesny terwyl 'n gelukwensingsvideo van lidmate, oud en jonk, vertoon is.

Die feesdiens is afgesluit met die sing van die Oorwinningslied – in volle oorgawe!

Elke kerkganger het 'n biltongpakkie by die deure ontvang waarna die gedenkplaat bekendgestel is.

Die inskripsie daarop is Psalm 113:3 – "Van waar die son opkom tot waar dit ondergaan, moet die Naam van die Here geprys word."

Daarna is daar feestelik rondom feestafels tot laat middag verder gekuier en gesmul aan 'n keurige vingerete. Moedergemeente se dames het oudergewoonte 'n ware feesmaal in 'n feestelik getooide kerksaal bedien.

Almal was dit eens: God se genade is groot en genoeg vir sy kinders.

Heilbron Moedergemeente spreek haar opregte dank uit aan elke rolspeler se aandeel in die dag se verrigtinge.

Baie dankie vir elke groete- en seënboodskap.

Wat 'n voorreg om deel te wees van hierdie omgeegemeenskap.

Mag ons mekaar nog baie jare in liefde dien.



*Foto erkenning: Tanya van Rooyen.*











**NG KERK HEILBRON – MOEDERGEMEENTE**

**<u>VAKANTE SKRIBAPOS</u>**

Die Kerkraad van bogenoemde gemeente adverteer die skribapos in biddende afhanklikheid van die Here.

**Sluitingsdatum:** Vrydag: 22 September 2023
**Werksure:** Maandag tot Vrydag – 08:00 tot 13:00

**DIE GESKIKTE KANDIDAAT**
Enige lojale en meelewende lidmaat van die Ned Geref Kerk, is welkom om vir die pos aansoek te doen. Aansoekers moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud.

**VEREISTES**
**Die volgende vereistes is ononderhandelbaar.**
- Betroubaarheid.
- Pastelvaardigheid.
- Hantering van salarisse en lone deur Pastel Payroll.
- Goeie kennis van boekhouding.
- Sterk administratief.
- Beskikbaarheid gedurende naweke.

**VERGOEDING**
'n Mededingende vergoedingspakket sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.

**AANSOEKE:** Alle aansoeke word gerig aan ds Braam van Zyl by – braam@ngheilbron.co.za

Die Kerkraad behou homself die reg voor om geen aanstelling te maak, indien daar nie 'n geskikte kandidaat is nie.







# Dis heerlike lente ....







*Die kleuters by Kleuterkasteel in Heilbron het lentedag hierdie jaar gevier met 'n worsie braai, snoepie en springbokklere. Soos die vreugde wat bloeisels vir ons bring, het die kleuters afgesluit met glimlaggies en roomys.*




# Bronnie Kleuterland verken beroepe







## Vier Lentedag



*Blomme in die hare, met 'n Hawaiiese blommekrans om die nek, het die Heilbron Slagpale-span (HBA) Lentedag gevier, terwyl hulle getroue hond, Olof, die dag saam met hulle geniet het. Die gees was aansteeklik en die span het nie net die Lente verwelkom nie, maar dit was ook om hul perseel te verfraai. Die oggend is afgesluit deur kleurryke kolwyntjies te geniet.*

Die opvoeding en ontwikkeling van kleuters is 'n belangrike aspek van hul jong lewens, en 'n deel van hierdie ervaring sluit in om hulle bekend te stel aan die verskeidenheid beroepe wat daar buite is. Bronnie Kleuterland het onlangs 'n opwindende en opvoedkundige week beleef toe hulle 'n besoek aan Pakworks afgelê het. Die tema van die week het die wonderlike wêreld van beroepe betrek, en die kleintjies het 'n waardevolle insig gekry in wat elke beroep behels. Dr Spies het die skool Dinsdag besoek, en gewys dat daar niks is om voor bang te wees as jy 'n dokter gaan sien nie. Die brandweer wat ook 'n draai by die skool gaan maak het, was vir seker 'n hoogtepunt van die week vir die pienk voete. Donderdag het die polisie die skool besoek, en gewys dat daar niks te vrees is as die manne in blou in die omtrek is nie. Die besoek aan Pakworks en die aktiwiteite gedurende hierdie spesiale beroepsweek het Bronnie Kleuterland se kleintjies 'n waardevolle geleentheid gegee om te ontdek, te leer en te groei.

# KENNISGEWINGS

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late:
Surname: **Viljoen**
First names: **Jurie**
Estate Number: **3980/2020**
Identity/passport number: **630727 5062 084**
Date of death: **17/06/2020**
Last address: **Farm Rooiwal, District Koppies**
The First and Final Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 8 September 2023 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, Koppies.
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**P.O. BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REF: DATE SUBMITTED: 2023/08/31**
**PUBLICATION DATE: 2023/09/08**

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer T17005/1992** passed by
**SLABBERT VERSTER & MALHERBE (VEREENIGING) (PTY) LTD**
**Registration number: 05/07650/07**
In favour of
**NTSWAKI PHASKALINA RAMOHOMANE**
**Identity Number: 7610150494085**
In respect of:
**PLOT 362 WELTEVREDE SETTLEMENT, DISTRICT OF KOPPIES, PROVINCE OF THE FREE STATE**
**IN EXTENT 1,7295 (ONE COMMA SEVEN TWO NINE FIVE) HECTARES**
**HELD BY DEED OF TRANSFER T17005/1992**
Which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks of publication of this notice,
Dated in Koppies on the 8 day of September 2023
**PIET RETIEF DE WET**
**CONVEYANCER**
**RED INC ATTORNEYS**
**PLOT 76 WELTEVREDE NEDERSETTING, KOPPIES, 9540**
**TEL: 079 571 5049**
**pietman@pdwlaw.co.za**
**svm/ram**

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer T20650/2008 passed by**
**SAJIDAH ABOOBAKER-JEEWA**
**Identity number: 7012200144085**
**Married out of community of property.**
In favour of
**DAVID MOEKETSI MNGUNI**
**Identity Number: 8507285991085**
And
**AMANDA MARIA MNGUNI**
**Identity Number: 8903030235086**
**Married in community of property to each other**
In respect of:
**PLOT 82 ROODEPOORT SETTLEMENT, DISTRICT OF KOPPIES, PROVINCE OF THE FREE STATE**
**IN EXTENT 1,8581 (ONE COMMA EIGHT FIVE EIGHT ONE) HECTARES**
**HELD BY DEED OF TRANSFER T20650/2008**
Which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks of publication of this notice,
Dated in Koppies on the 8 day of September 2023
**PIET RETIEF DE WET**
**CONVEYANCER**
**RED INC ATTORNEYS**
**PLOT 76 WELTEVREDE NEDERSETTING, KOPPIES, 9540**
**TEL: 079 571 5049**
**pietman@pdwlaw.co.za**
**jee/mng**

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELAKTE

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van Registrasie Aktes Wet 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte Nommer T32059/2007** geregistreer in die naam van **SIMON SITHEBE, Identiteitsnommer 670829 5298 089** ten aansien van Erf 325, Petrus Steyn, distrik Lindley, Provinsie Vrystaat, wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikaie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Bloemfontein op hede die 4de dag van September 2023.
**AANSOEKER: WESSELS & SMITH**
**FJ KAPP/rs/E05247**
**YORKWEG 1A**
**WAVERLEY**
**BLOEMFONTEIN, 9301**

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 47/1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer T25834/2006**
Passed by
**PETRUS JOHANNES JANSE VAN NIEWENHUIZEN**
**Identity Number 560913 5032 08 7**
and
**ESTHER JANSE VAN NIEWENHUIZEN**
**Identity Number 590809 0042 08 5**
**Married in community of property to each other**
in favour of
**OH331 EIENDOMME (EIENDOMS) BEPERK Nr. 1996/009138/07**
in respect of
**ERF 12 TWEELING, DISTRICT FRANKFORT, PROVINCE FREE STATE**
**In Extent 991 (NINE HUNDRED AND NINETY ONE) Square metres**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two (2) weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Sasolburg on this 4th day of September 2023.
**NAME OF APPLICANT: CHRISTIAAN MARTHINUS DE BEER (LPCM – 58057)**
**DE BEER & CLAASSEN ATTORNEYS**
**15 NJ VAN DER MERWE CRESCENT**
**SASOLBURG**
**TEL: 016 976 0800**
**T2640II/MAT14373**
**E-MAIL: lezanne@dbcgroup.co.za**

## GENERAL NOTICE

Notice is hereby given in terms of Section 49 of the Ngwathe Local Municipality Municipal Land Use Planning By-Law, 2018, read with the provisions of the Spatial Planning and Land Use Management Act that application is being made to the Ngwathe Local Municipality for the removal of the restrictive condition relating to Plot 7, Highlands Small Holdings, district Heilbron contained on page 2 of Title Deed T 4446/2023 of the said property which reads thus:
"That the transferee, his heirs, administrators, assigns or successors in title shall not at any time have the right to carry on business of any kind other than farming on the said property" in order to build a Workshop and Offices to service trucks and other machinery on the premises.
Copies of the application for viewing will be available during normal office hours at the office of the Municipal Manager, Ngwathe Municipal Offices, Lienbenbergstrek, Parys by appointment arranged on 056 816 2706.
Any person wishing to object to the granting of the application or to make representations in regard thereto shall submit such objections or representations in writing to both the applicant at the address below and the Municipal Manager at the above address within a period of 30 days from date of publication of this notice.
**Address of applicant: Plot 7 Highlands Heilbron**
**Contact number: 05885 22041**
**E-Mail: finance@ltboerdey.co.za**

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

# TE KOOP

DUPNO Trading
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

**TE KOOP**
Voer te koop.
*Skakel gerus*
*083 688 8256*
K0597

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***




**VAKANTE BETREKKING**

*Grafiese*
**VLOERBESTUURDER**

Heilbron Herald beskik oor 'n pos vir 'n mans persoon met grafiese agtergrond of bereidwillig wees om te leer.

**Vereistes & Kwalifikasies**
- Rekenaarvaardig: Windows & Mac
- Kennis in die Adobe Creative Suite reeks: (Illustrator, InDesign, Photoshop)
- Kliënte kommunikasie: Afr & Eng
- Moet onder druk kan werk
- Matrieksertifikaat
- Relevante Diploma/Sertifikaat
- Ondervinding in drukkerswese
- Verantwoordelikheid neem tydens produksie en installasieproses
- Geldige bestuurslisensie
- Ervaring in bemarking en die koörporatiewe mark is voordelig.

Sluitingsdatum: 22 September 2023
Diensaanvaarding spoedig as moontlik
Stuur CV's na john@heilbron.co.za

# SMALLS

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

VLEISSENTRAAL

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
**• Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
**• John Watson** john@heilbron.co.za
**• Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
**• Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
**• Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
**• Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
**• Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
**• Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
**• Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
**• Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

**Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za**

# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**




**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85**
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078



# HERALD Sport

# Jeugskietdag 'n reuse sukses

Saterdag 2 September was ons jaarlikse jeugskietdag. In 'n baie winderige dag het die juniors nogtans gewys dat hulle ons toekomstige jagters gaan word.

**Uitslae soos volg: Graad 1 -3**
**Windbuks**
1. Hennie Viviers Jnr., 2. Hanro Naudé
3. Koos van Niekerk Jnr.
**.22**
1. Hennie Viviers, 2. Hanro Naudé
3. Koos van Niekerk



*Op die foto voor vl: Jessica van der Walt, Lee Ann Viviers, Tanya van Niekerk en Hannes Joubert. Agter: Hanro Naudé, Hennie Viviers, Koos van Niekerk Jnr. en Andre Joubert.*

**Graad 4: Windbuks**
1. Hannes Joubert, 2. Jessica van der Walt
3. Lee Anne Viviers
**.22**
Lee Anne Viviers, 2. Hannes Joubert
3. Tanya van Niekerk
**Jaggeweer**
1. Lee Anne Viviers, 2. Jessica vd Walt,
3. Tanya van Niekerk
**Algeheel**
1. Lee Ann Viviers, 2. Jessica vd Walt,
3. Tanya van Niekerk
**Ouer / Kind**
1. Japie Steyn / André Joubert
2. Jeanette / Tanya van Niekerk
3. Hennie / Hennie Jnr. Viviers

Chané en Beau du Plessis het ook aan elke kind 'n trofee oorhandig. Ons laaste skietoefening van die jaar vind plaas 7 Oktober as groepering skiet waar ook al die manne se jag trofees gemeet gaan word.

# Heilbron duiwenuus

Die twee wedvlugte wat 26 Augustus vanaf Richmond plaasgevind het, was vinnig met 'n sterk suidweste wind wat gewaai het. Die twee jaar oue wyfie duif van Dr Piet van Zyl vlieg oor 600km met 'n gemiddelde spoed van 126km per uur. Sy wen die klub VPU unie en die Greater Gauteng Combine teen 'n totaal van meer as 7 000 duiwe met 'n gemiddelde marge van 241 meters per minuut vinniger as die tweede duif.

Die prestasie plaas die duif bo aan die spoed leer tot op datum vanjaar. Heilbron Klub presteer ook met 3 van die top 5 vinnigste duiwe in die Greater Gauteng Combine tot op datum. Dit was die vinnigste wedvlug in jare.

Die tweede wedvlug is deur Dries Cilliers gewen ook teen 'n baie hoë spoed.

Verlede naweek het Heilbron Klub 'n uitdaagwedvlug vanaf Matjiesfontein gereël om fondse vir die klub in te samel. 520 duiwe oor die hele Gauteng is ingeskryf. Die duiwe is Vrydagoggend 8 uur op Matjiesfontein gelos oor 'n afstand van 1 000 km. Ons het nog nie die finale uitslag nie. D Cilliers het Saterdagoggend 08:36 ‘n duif geklok. Die 1ste prys is 'n gratis inskrywing by die Vic Falls Hokke in Zimbabwe wat R17 000 behels.

Verlede Saterdag se wedvlugte was vanaf Cradock, 585km. Dries Cilliers het baie goed gedoen en albei wedvlugte gewen.

**CRADOCK OPE 1**
1. D. Cilliers, 2. D Cilliers, 3. F Viviers, 4. Zenith A, 5. D Cilliers, 6. Zenith A, 7. F Viviers, 8. F Viviers. 9. D Cilliers, 10. F Viviers.

**CRADOCK OPE 2**
1. D Cilliers, 2. F Viviers, 3. F Viviers, 4. D Cilliers, 5. Zenith B, 6. D Cilliers, 7. F Viviers, 8. Zenith B, 9. D Cilliers, 10. D Cilliers.



*Op die foto dr Piet van Zyl se wenduif.*

Ontwerper & Bemarker
TYDELIKE POS - 5 MAANDE

Wil jy deel wees van 'n dinamiese span wat die koöperatiewe mark ondersteun? Soek jy 'n opwindende geleentheid om jou kreatiwiteit en bemarkingsvaardighede te wys? Heilbron Herald is opsoek na 'n dinamiese Grafiese Ontwerper en Bemarker om ons te help om ons boodskap oor te dra en ons bemarkingsinisiatiewe na nuwe hoogtes te neem.

Maatskappybeskrywing:
As 'n vooraanstaande speler in die koöperatiewe mark, wat 'n verskeidenheid produkte en dienste aan ons kliënte bied glo ons in die bevordering van samewerking, eerlikheid en volhoubare groei. As Grafiese Ontwerper en Bemarker sal jy 'n integrale rol speel in die bevordering van ons maatskappy se waardes en boodskap na ons teikengehoor.

Ontwerp Verantwoordelikhede:
- Ontwerp en ontwikkel grafiese inhoud vir digitale en drukmedia.
- Skep van visuele elemente, insluitend maar nie beperk tot advertensies, brosjures, sosialemedia grafika.
- Verseker dat al die ontwerpe voldoen aan ons maatskappy se visuele identiteit en bemarkings standaarde.
- Werk met die bemarkingspan en belanghebbendes om ontwerpe te bespreek, terugvoer gee en aan te pas waar nodig.

Bemark Verantwoordelikhede:
- Ontwikkel en voer bemarkingstrategie uit om ons maatskappy se boodskap en dienste te bevorder.
- Identifiseer doelmarkte en pas bemarkingsmateriale en kommunikasie-uitsette daarop aan.
- Skep inhoud vir sosiale media, e-posse, en ander bemarkingskanale.
- Monitor en analiseer bemarkingsmetodes en-resultate om verbeteringsareas te identifiseer.

Vereistes:
- Uitstekende vaardigheid in die Adobe Creative Suite se sagteware. (Illustrator, InDesign & Photoshop)
- Sterk begrip van bemarkingsbeginsels en -strategieë.
- Innoverende denker en vermoë om kreatiewe oplossings te vind.
- Uitstekende kommunikasie- en samewerkingsvermoëns.




Sluitingsdatum: 22/09/2023 met diensaanvaarding vanaf 01/10/2023 of so spoedig moontlik daarna.
Stuur CV's na john@heilbron.co.za

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 11 SEPTEMBER 2023
DEVON Speenkalf veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSDAG - 12 SEPTEMBER 2023
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091
MONT PELAAN Twee-maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160
VREDE Maandeliks veiling
Kontak Jandre Moll 082 307 9169
AMERSFOORT HOEVELD MERINO VELDRAM
11:00, Volksrust
Kontak Danie Pienaar 082 776 7716
HERTZOGVILLE: MALHERBE & WATERPAS SAVM
11:00,Hertzogville
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

WOENSDAG - 13 SEPTEMBER 2023
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
REITZ Twee Weeklikse veiling
Kontak Jandré Moll 082 307 9169
DAVEL: MPUMALANGA GAUTENG BEEFMASTER 11:00,Davel
Kontak Tielie Crawford 0823312038
KROONSTAD: PRO GENEPOEL
11:00,Kroon-Boma
Kontak Karel du Plessis 082 826 3244

DONDERDAG - 14 SEPTEMBER 2023
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
REITZ: DE KOPPEN SAVM
11:00,Reitz
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

VRYDAG - 15 SEPTEMBER 2023
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Jaco Breedt 082 440 8960
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
FRANKFORT: PREISS & KOCK MERINO
11:00, Skougronde
Kontak Danie de Wet 082 772 4537

SATERDAG - 16 SEPTEMBER 2023
FOURIESBURG: BOSIU BORANE
11:00, Klein Thaba Bosigo
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
BLOEMFONTEIN: HATARI DORMERS
11:00, Be-Human
Kontak Pierre 0847762507
STANDERTON: OOSTELIKE ILE DE FRANCE
11:00,Veilingskompleks
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

HEILBRON OK Foods
R200 000 GIVEAWAY
SPEND R200 OR MORE AND SWIPE YOUR OK LOYALTY CARD TO WIN YOUR SHARE OF R200 000
3 WINNERS PER WEEK FOR 20 WEEKS
VALID AT: HEILBRON OK FOODS, OK LIQUOR & OK EXPRESS
18 Aug 2023 until 06 Jan 2024
Terms and Conditions Apply